

28 Maart

Skrifgedeelte: Johannes 9:24-34

Fokusgedeelte: Johannes 9:25

Sekerheid oor die Here gee ons 'n oog vir sy genade

Toe hierdie bedelaar nog blind was, het hy niks van Jesus geweet nie. Op sy donker sitplek daar langs die straat was dit net die munte in sy bedelaarsakkie wat vir hom belangrik was. Wie kon dink dat hy eendag sou kon sien! Waar Jesus met wonderkrag in sy lewe ingegryp het, het hy Jesus reeds as Profeet bely. Wanneer die Jode die bedelaar nog 'n keer ondervra en hom dwing om die waarheid oor Jesus te praat, toon hy nog groter sekerheid oor Wie Jesus werklik is. Hy gee nie om wat hulle van Jesus dink nie. Hy weet hy was blind en nou sien hy! Jesus is geen sondeur nie, maar Een met ontsag vir God, want God het na Hom geluister. As hierdie Man nie van God was nie, sou Hy niks kon doen nie!

Om die wondergevolge te kan sien wat die Here in ons lewe doen, moet ons nooit vergeet dat ons eers volkome blind was nie. As jy ook weet wat die bedelaar daardie dag ontdek het, waarom prys jy Hom dan nie ook met soveel moed en durf soos die bedelaar nie?

Sing: Psalm 128:1 (p. 627)

Dr. JL Venter (Pretoria-Annlín)